

ELEKTRIESE BUS NOU OP DIE PAD

Eerste een van so 'n aard in Wes-Kaap ingespan

■ EIE VERSLAGGEWER

DIE provinsiale minister van vervoer en openbare werke, Daylin Mitchell, en Golden Arrow-busdienste het amptelik die eerste elektriese bus in Suid-Afrika onthul.

Golden Arrow se merkwaardige reis met hernubare energie het in 2017 begin met die installering van twee sonkragaanlegte van 25 kWp elk.

Die eindresultate was bemoedigend en dit het laas jaar daartoe gelei dat twee van die maatskappy se fasiliteite carbon neutral verklaar kon word.

Danksy die sukses van die projek tot op hede, het Golden Arrow besluit om die volgende projek aan te vat – die toetsing van 'n elektriese bus.

Die maatskappy het saam met die BYD-busmaatskappy en uYilo (medebondser) gewerk om twee 100% elektriese busse vir 'n tydperk van 12 maande te toets.

Genoegsame toetsing is gedoen om die volgende stap te doen. Vanaf Julie 2021 is die twee elektriese busse by Golden Arrow ingespan.


Dit vervoer reeds daaglik passasiers tussen Retreat en Kaapstad.

Golden Arrow se innoverende projekte sluit in die toetsing van gratis wi-fi op hul busse, 'n elektroniese smartcard-betaalstelsel en nou die eerste elektriese bus in Suid-Afrika.

Golden Arrow bied tans op 'n kontrakgrondslag 'n geskeduleerde vervoerdiens wat deur die Wes-Kaapse departement van vervoer en openbare werke geadminestreer word.

Die maatskappy bedryf tans meer as 1000 busse in spitstyd en vervoer daaglik meer as 220 000 passasiers. Golden Arrow vier vanjaar sy 160ste verjaardag.

Mitchell sê: “Die Wes-Kaap se departement van vervoer en openbare werke werk saam met Golden Arrow aan verskeie tegnologiese oplossings om die openbare vervoer in die provinsie te verbeter. My departement verwelkom die innovation-program in die lig van die uitdagings wat passasiers ondervind in die afwesigheid van 'n passasiertreinstelsel. “Die veiligheid op die Gol-



NUWE ERA: Francois Meyer, CEO, en die Wes-Kaapse minister van vervoer en openbare werke, Daylin Mitchell, by die launch. **FOTO VERSKAF**

den Arrow-busse word baie anders ervaar. Ná 'n rit in een van die Golden Arrow-busse, is ek vol vertroue dat passasiers veilig sal voel.”

'n Golden Arrow-ingenieur, Gideon Neethling, sê: “Die toetsfase van die elektriese bus was baie streng.

“Die eerste paar maande het ons die busse in verskillende omstandighede sonder

passasiers getoets.

“Die doel was om uit te vind presies hoe die busse werk voordat ons dit inspan.

Uitdagings

“Die toetsing van die busse was 'n plesier vir elkeen wat daaraan deelgeneem het.”

Volgens Neethling is daar meer om te leer oor die nuwe busse, insluitende die elektriese gebruik onder moeilike

omstandighede, veranderde tye tussen roetes, onderhoud en algemene operasionele uitdagings.

Om die passasiers veilig te hou, spandeer Golden Arrow tans R12 miljoen per jaar aan PPE.

Dis om te verseker die passasiers en personeel die Covid-19-regulasies gehoorsaam.

SMS JOU MENING
OOR DIË STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'ê KOS R1.50